

TOERPROGRAM

RYNVAART: 22 April – 6 Mei 2019 (15 dae)

April

Ma 22 JOHANNESBURG – AMSTERDAM

Toerlede wat net die Rynvaart of die Rynvaart in kombinasie met Switserland onderneem en van **Johannesburg** direk na **Amsterdam** vlieg, moet op **22 April** om **20:15** aanmeld by **KLM** se inweegtoonbank op die **O.R. Tambo-lughawe** vir die nagvlug (**KL 592**) wat om **23:15** na **Amsterdam** vertrek.

Kapenaars wat met die direkte vlug vanaf **Kaapstad** vlieg, moet om **20:00** aanmeld vir vlug **KL 598** wat om **23:00** na **Amsterdam** vertrek. Genoemde vlugte en tye geld nie vir persone wat ander reëlings met **Benita Venter** van **Fernweh Travel** getref het nie.

Di 23 AMSTERDAM

By aankoms op Schiphol-lughawe wag ons Nederlandse busse vir ons. Ons vertrek van die lughawe na die Zaanse Schans – 'n karaktervolle woonbuurt aan die Zaanrivier met houthuise en windmeulens uit die 17de eeu, die glorietydperk van hierdie streek. Hier besoek ons 'n klompemakery, 'n kaasmakery en talle ander interessante besienswaardighede.

Ná hierdie tipies Nederlandse ervaring vertrek ons per bus na ons boot, die **Carmen**. Met aankoms by die Carmen, wat in die hawe lê, ontvang u u kajuitsleutel by ontvangs en gaan maak u tuis op die boot. Almal kom om **18:30** in die sitkamer bymekaar vir die verwelkoming deur die kaptein, waarna ons in die eetsalon ons eerste aandete aan boord van ons "hotel" vir die volgende aantal dae geniet.

Wo 24 AMSTERDAM

Ná 'n vroeë ontbyt vertrek ons na **Aalsmeer** – die grootste varsblommeveiling ter wêreld. Dis verstommend hoe hierdie veiling met Spartaanse dissipline plaasvind, hoe die bieërs elektronies blomme koop en hoe die blomme daarna onmiddellik na alle uithoeke van die wêreld versend word. Die res van die dag het u vry om Amsterdam se interessante middestad op u eie te verken. Daar is genoeg tyd om museums soos Madame Tussaud, die Rijksmuseum en die Van Gogh-museum te besoek, inkopies te doen of net by 'n straatkafetjie te gaan sit en die polsende ritme van hierdie ou wêreldstad te beleef. Indien genoeg persone belangstel kan ons 'n opsionele uitstappie reël na den Haag, Madurodam en Delft asook na die Deltawerke.

Do 25 AMSTERDAM – KEUKENHOF – VOLENDAM – AMSTERDAM

Die hoogtepunt van vandag is ons besoek aan **Keukenhof**, die grootste lentetuin in die wêreld, waar besoekers oor die sewe miljoen bolplante in hul kleurryke blommeprag kan sien – 'n onvergeetlike gesig! 'n Mens kan hier rustig deur die sprokiesmooi lushof stap, die blomme-uitstallings onder dak besoek en tipies Nederlandse verversings soos die bekende Hollandse poffertjies of stroopwafels by een van die stalletjies geniet.

Ons vertrek vroegmiddag per busse na Volendam vir 'n besoek aan hierdie skilderagtige dorpie aan die Gouwe (deel van die IJsselmeer). Dis een van die bekendste hawens van die voormalige Zuiderzee. Die lang hoofstraat wat langs die dyk loop, is as't ware 'n aaneenskakeling van soewenierwinkeltjies. Agter die dyk sien 'n mens talle smal stegies met klein baksteenhuise en houtgeweltjies, asook die Sigarebandjies Huisje met taferale van mosaïek, bestaande uit elf miljoen geplakte sigarebandjies. Van die winkeltjies verkoop pragtige kantwerk. Ons vertrek op 'n afgespreekte tyd sodat ons om 18:30 weer aan boord van die Carmen kan gaan, wat om **19:00** vertrek.

By Lobith sluit ons vanuit die Waalrivier by die Ryn aan. Ons vaar deurnag tot by Emmerich, waar ons Duitsland binnegaan. Byna 400 000 skepe vaar jaarliks hier verby, waar die grootste hangbrug in Duitsland die Ryn oorspan.

Vr 26 VAAR NA KEULEN

Ná 'n heerlike ontbyt vergader ons in die sitkamer ('salon') vir 'n lekker saamkuier en informele kenmekaar. Moet dit nie misloop nie! Die toerleiers sal u volledig inlig oor vandag se program, oor môre se besoek aan Keulen, byvoorbeeld wat u kan besoek en hoe u te werk moet gaan met BTW, en dies meer.

Die res van die oggend bring ons luilekker op die dek of in die salon deur en geniet die pragtige plattelandse landskap terwyl die boot rustig voortvaar. Ons meer om **20:00** in Keulen vas.

Sa 27 KEULEN – ANDERNACH

Keulen is 'n groot stad met baie om te sien en te doen. Ná ontbyt stap ons as 'n groep onder leiding van die toerleiers na die Domkerk (Unesco-wêrelderfenis). 'n Besoek aan hierdie manjifieke gebou, waaraan byna 700 jaar gebou is, is 'n móét. Die Dom dien ook as oriënteringspunt as iemand dalk verdwaal of verkies om alleen rond te stap.

Diegene wat wil, kan 'n opsionele stadstoer onderneem wat deur die plaaslike toeristekantoor oorkant die Dom aangebied word. Die groot winkelstraat naby die Dom is Hohestrasse – 'n voetgangerlaan met talle interessante winkels.

Keulen lê aan weerskante van die Ryn. Agt brûe, waarvan twee spoorwegbrûe is, plus 'n kabelbaan verbind die twee oewers. U kan die kabelbaan op u eie bereik met die toeristetrentjie wat naby die Dom vertrek. Só 'n kabelrit bied 'n goeie blik oor die pragtige stad. Dié ou Domstad, waarvan 70% in die Tweede Wêreldoorlog verwoes is, is herbou en nou een van die belangrikste handelstede asook die vierde grootste stad in Duitsland.

Ons vertrek vanmiddag om **17:00** uit **Keulen** na Andernach, waar ons om **23:00** vasmeer. Andernach, 'n interessante en pragtige ou stadjie, is in 9 vC. deur die Romeine gestig met die naam Antunnacum en was in die Middeleeue reeds 'n welvarende stad. Aangesien ons net hier oornag, is daar nie geleentheid om die stad te besoek nie.

So 28 ANDERNACH – KOBLENZ

Ons vertrek vanoggend om **06:00** uit Andernach en bereik **Koblenz** om **08:00** en meer naby die indrukwekkende Deutsches Eck (Duitse Hoek) vas. Hierdie monument is so genoem deur die ridders van die Duitse Orde wat in 1216 'n nedersetting hier begin het. As 'n mens langs die Konrad Adenauer-oewer stap, sien 'n mens 'n ou Rynkraan uit 1608. Die Ehrenbreitstein-vesting pryk skouspelagtig aan die oorkant van die Ryn.

Koblenz strek oor albei Rynoewers en is met brûe verbind. Die stad dateer uit die Romeinse tyd. Weens sy gunstige ligging was Koblenz van vroeg af 'n fokuspunt van verkeers- en handelspaaie waaruit 'n welvarende hawe- en handelstad gegroei het. Koblenz is tans een van die belangrikste sentrums van die wynhandel in die Ryngebied, die grootste garnisoenstad van Duitsland en die setel van verskeie owerheidsinstansies. In die Tweede Wêreldoorlog is 85% van die stad verwoes. Vandag is dit, danksy kundige herbou, weer een van die mooiste stede van Duitsland.

Ons vertrek om **13:00** en vaar op die Moesel na **Cochem**, waar ons om **19:00** vasmeer. Die Moeseldal het pragtige berge, wingerde, kersiebome in lentebloei en klein stadjies wat ingeryg staan.

In Cochem kan ons vanaand binne loopafstand van die boot 'n opsionele begeleide besoek aan 'n wynkelder bring waar ons van die bekende Moesel-wyn kan proe.

Ma 29 COCHEM – BOPPARD

Ons verken Cochem vanoggend voordat ons om **13:30** na Boppard vertrek, waar ons om **21:00** aankom om te oornag. Cochem se indrukwekkende ou kasteel wat idillies bo die skouspelagtige omgewing uittroon, is prentjiemooi. Die uitsig daarvandaan oor die Moesel met ons boot "doer onder" laat blywende indrukke. 'n Opsionele besoek aan dié indrukwekkende kasteel, met pragtige meubels en voorbeelde uit die riddertyd, is beslis die moeite werd.

Hoewel hierdie ou wynstadjie uit die Middeleeue dateer, het hy moderne winkels langs die keistestrate vir inkopies. Daar heers 'n heerlike atmosfeer.

Ná aandete op die boot hou ons konsert. Die konsert is elke jaar 'n treffer en 'n mens staan telkens verstom oor die vindingrykheid van die toerlede.

Di 30 BOPPARD – RÜDESHEIM

Ons vertrek om **08:30** uit Boppard. Vanoggend volg ons die die romantiese roete van die Ryn, wat deur Unesco tot 'n Wêrelderfenisgebied verklaar is. Maak seker dat u op die dek of in die sitkamer is sodat u niks mis nie!

Die hoogtepunt vandag is die talle sprokieskastele teen die hange van die Ryn en die legendariese **Lorelei-rots**. Hou dus u kameras (en notaboekies) byderhand!

Ons meer om **13:00** vas by een van die mees druk besoekte stadjies langs die Ryn: **Rüdesheim!** Hier stap ons deur die bekende Drosselgasse, wat immer woel met besoekers van oral! U kan die Niederwald Denkmal – 'n indrukwekkende monument wat per kabelspoor bereik word – opsioneel besoek.

Hierdie reusagtige monument is opgerig ter ere van die eenheid van Duitsland ná die Frans-Duitse oorlog van 1870/1. Op 'n 25,8 m hoë voetstuk staan die 10,5 m hoë Germania wat weswaarts kyk na waar die destydse Duitse Ryk aan albei kante van die Ryn tot ver in die huidige Frankryk gestrek het. Van hier af het 'n mens 'n ongelooflik mooi uitsig oor die Rynvallei en die stad Bingen op die oorkantste oewer.

Rüdesheim is ook 'n bekende wynstadjie – Karel die Grote het reeds in sy tyd die wyn hier geprys en sterk aanbeveel! 'n Mens kan ook 'n interessante besoek aan die musieksalon met 'n verrassende versameling meganiese musiekinstrumente aflê. Daar is 'n wynmuseum, 'n foltermuseum en buite die stad selfs 'n klooster waar die 60 nonne self hul wingerd tot 'n eksklusiewe wyn verwerk.

Vanaand soek oud en jonk een van die Stimmungslokale (jolige restaurante) op om saam te wieg op die maat van vrolike musiek.

Mei

Wo 1 RÜDESHEIM – SPEYER

Ons vertrek om **02:00** na **Speyer**. Die boot meer om **13:00** daar vas. Speyer het een van Europa se mooiste Protestantse kerke. Ons besoek hierdie kerk. Ons loop ook 'n draai deur die indrukwekkende Kaiserdom (Unesco-wêrelderfenisgebied).

Speyer, geleë aan die monding van die Speyerbach, was reeds in die 7de eeu bekend as Spira, 'n belangrike biskopsetel, en het in die Middeleeue gegroei tot een van die belangrikste stede van die Duitse Ryk. Binne die mure is meer as 50 Ryksdae gehou, waarvan die bekendste dié van 1529 was, toe die Luthergesindes teen die anti-reformatoriese houding van die Ryksdag geprotesteer het. Die benaming Protestantisme kom van hierdie protes af.

Nadat ons die pragtige Protestantse kerk met sy manjifieke gebrandskilderde glasvensters besigtig het, stap ons deur die hoofstraat terug na die boot. (Vervoer kan ook gereël word vir diegene wat moeilik stap.) Naby die vasmeerplek van ons boot is 'n baie interessante en gewilde vervoermuseum vir diegene wat in treine, vliegtuie en dies meer belangstel. 1 Mei is 'n vakansiedag in Europa en die winkels sal gesluit wees.

Om **18:00** begin die kaptein se afskeidsdinee. Dit is 'n luisterryke geleentheid waartydens ons oa die bootpersoneel bedank.

Do 2 SPEYER – STRASBOURG

Ons vertrek vannag om 02:00 van Speyer na die Franse stad **Strasbourg**, waar ons om **14:00** vasmeer. Ons onderneem 'n kanaalvaart en besoek die stadsplein waar ons die beroemde eentoring-katedraal, ewe mooi van buite en binne, besoek. In u vrye tyd kan u die bekende besoekpunt 'Petit France' (Klein Frankryk) te voet te verken. Hier ontdek 'n mens iets van die Franse sjarme en kultuur, omring deur eeue-oue geboutjies en straatjies.

Vr 3 STRASBOURG – RIQUEWIHR – TITISEE

Ons ontskep vanoggend ná ontbyt en besoek die bekoorlike Franse platteland. Ons ry met die Alsace-wynroete na die pragtige Franse dorpie Riquewihl en Eguisheim, wat onder andere op die lys van Frankryk se mooiste dorpie pryk. Ons kry geleentheid om die Franse platteland eerstehands te ervaar, soos die tipiese wyn en cuisine van die streek. Na 'n voldag in die Franse platteland, reis ons na **Titisee** in die hart van die Swartwoud, waar ons twee nagte oorslaap.

Sa 4 TITISEE – SWARTWOUD

Ná ontbyt het ons geleentheid om meer van die **Swartwoud** te beleef. Ons ry verby indrukwekkende valleie, dale, digbeboste berge en tipiese plaashuise. Ons besoek oa **Triberg**, waar die hoogste waterval in Duitsland (163 m) bruisend oor sewe rotsbloktrappe na benede stort. Dit is 'n besondere buitelig-ervaring wanneer 'n mens 'n entjie berg-op stap om die waterval te sien. 'n Minimale toegangsfooie is betaalbaar.

Later keer ons terug na die skilderagtige **Titisee**, wat aan 'n lieflike meer geleë is. Die talle luukse hotelle, baie winkels en lieflike omgewing naby Feldberg maak van Titisee 'n gesogte vakansie- en ski-oord. Die Swartwoud is ook die geboorteplek van ski-sport in Duitsland. Ons geniet vanaand weer aandete in die hart van die Swartwoud.

So 5 TITISEE – ZÜRICH – BEATENBERG

Die groep wat net die Rynvaart onderneem, vertrek vanoggend na **Zürich** vir die terugvlug na Suid-Afrika. Die res van die groep ry na **Beatenberg** in die Bernese Hoogland, wat as die juweel van Switserland bekend staan. (Sien TOERPROGRAM SWITSERLAND.)

Ma 6 JOHANNESBURG

Aankoms op die **O.R. Tambo-lughawe** in **Johannesburg** (vir diegene wat slegs die Rynvaart onderneem) ná 'n verrykende droomtoer.

LW: Weens omstandighede buite ons beheer kan dit gebeur dat die toerprogram aangepas moet word.